Dinky Dots Inligtingsblad

2019

"Creativity is contagious – Pass it on!"
Albert Einstein

Dinky Dots

083 444 7240

365 Pauline Spruijt

Garsfontein

Waar kleuter nog kleuter bly!

Dinky Dots is ’n klein intieme kleuter, peuter en baba mini-kampus. Ons hou ons getalle min vir optimale aandag en ontwikkeling.

2019: Skole open Dinsdag 8 Januarie om 06h45

Dinky Dots Garsfontein

Visie: Ons ontwikkel emosioneel intelligente kinders deur spel en gee jou kind 'n voorsprong in die lewe. Ons skooltjie klein en intiem vir optimaal ontwikkeling. Kleuters word nie ryp gedruk nie, en elke maatjies onwikkel teen sy/haar eie kapasiteit en indien nodig word ekstra aandag en leiding in 'n vredeliewende omgewing gegee.

Beste Ouers,

Baie welkom aan elke Dinky Dot en sy ouer/voog! Ek hoop dat elke nuwe speeldag hier, 'n opbouende leerervaring vir die kind mag wees.

Inligting

Hier volg belangrike inligting rondom die skool. U as ouer/voog se samewerking sal opreg waardeer word

Etos: Met die inskrywing van u kleuter aanvaar u die etos van Dinky Dots naamlik dat die skooltjie 'n Christelike grondslag het en dat dissipline deel vorm van hul daaglikse aktiwiteite.

Skooltye: Halfdag maatjies: 06h45 – 13h00 / Voldag 06h45 – 17h30. Ons vra dat ouers asb streng by die op-en aflaai tye sal hou. Addisionele toesig kan vanaf 6h30 gereël. Boetes word gehef vir kleuters wat na 17h30 opgelaai word tensy relings getref is vir addisionele vergoeding. Boete sal geheg word @ R50 tot en 15min laat en daarna R100 tot en met 18h00. Na 18h00 R250.

Sien asseblief toe dat die kleuter soggens binne die veiligheid van die hek aan die juffrou besorg word en maak seker dat die hekkie weer op knip is as u die perseel verlaat.

Wanneer u kind meer vertroud is met die omgewing wil ek u graag versoek dat u van die aflaai- en ry (groet- en ry) opsie gebruik maak. Sodoende sal meer parkering gegenereer word.

Vakansies: Vakansiesorg is ingesluit by die tarief. Die skool is die hele jaar oop behalwe Desember wat dit vir 'n tydperk van 4 weke sluit.

Evaluering: Kleuters word daagliks waargeneem en geassesseer t.o.v. ontwikkeling. Enige probleme sal met die ouers/voog opgeneem word. Vorderingsverslae word twee maal per jaar uitgegee.

Verversingstyd:

Die skool voorsien ontbyt, middagete asook twee versnaperings per dag.

Merk van artikels: Alle artikels moet duidelik gemerk word. Geen verantwoordelikheid word deur die skool aanvaar vir verlore goedere nie.

Kleredrag: Kleuters moet asb gemaklike speel-klere aantrek, wat mag vuil word – ons mors graag! Klere moet verkieslik maklik kan aan en uit trek veral vir die toilet roetine. Hou asb altyd ’n ekstra stel skoon klere in die kleuter se tassie.

Somermaande: Gedurende die somermaande, laat ons kinders dikwels aan wateraktiwiteite deelneem. Ons vra dat u swemklere en ’n handdoek saam skool toe stuur. Handdoek kan gemerk word en hier gehou word.

Smeer asseblief elke oggend die kind met sonblok. Indien u wil hê die kind moet ’n hoed dra wanneer gespeel word, kan u dit saamstuur en my daarvan verwittig. Elke kind ontvang met registrasie n sonhoed wat verpligtend is om te dra gedurende die somermaande met buitespel.

TV –kyk: Ek wil u graag gemoedsrus gee oor die feit dat ons net soms op reëndae, na afloop van die oggendprogram, van die TV gebruik maak en die tydsduur word beperk tot die absolute minimum in die plek van buite speel. Die TV kan egter ook soms aangebied word as deel van musiek/sing/storie.

Siek kinders: Ouers word asseblief versoek om olike en of siek kinders asseblief nie speelgroep toe te stuur nie. Niemand wil graag dat hulle gesonde kinders aangesteek word nie, veral aangesien van ons ouers wel werk, en nie alternatiewe reëlings kan tref om na hul kinders om te sien indien hul by die skool siek sou word nie. ’n Siek kleuter wil per slot van rekening ook eerder graag in sy/haar eie bedjie wees. Indien ons u kontak om u kleuter te kom haal moet u asseblief so spoedig moontlik dit doen.

Kopluise: Kopluise is HOOGS aansteeklik. Kinders moet onmiddellik kom haal word indien ons dit sou opmerk en mag nie skool bywoon alvorens die koppie HEELTEMAL skoon is nie. Hiervoor moet n sertifikaat by ’n huisdokter of apteek kliniek verkry word.

Medisyne, immunisasie en kopluise: Indien u medisyne skool toe moet stuur , teken dit asseblief in die oggende in die medisyne boek, op die medisyne rak, in die klas aan. Die hoeveelheid en tyd van toediening is baie belangrik. Bring dit ook onder my aandag asseblief.

Hou ook asseblief u kind se immunisasieprogram op datum.

Ongelukkig is die voorkom van kopluise ’n realiteit wanneer ’n kind skool begin bywoon. Tree voorkomend op deur die kind se hare elke kwartaal met een van die middels op die mark te was, of hy/sy kopluise het al dan nie – dis vrylik beskikbaar by apteke en gesondheidwinkels en dra ons almal by op dit te beperk en te voorkom.

Verjaarsdae: Aangesien ’n kleuter se verjaarsdag vir hom/haar baie belangrik is, maak ons die dag ekstra spesiaal vir ’n verjaarsdag maatjie. Die maatjie kry ’n verjaarsdag kroon en daar word vir hom/haar gesin.

U is baie welkom om eetgoed skool toe te stuur indien u dit so verkies. Reël asseblief vooraf in verband met getalle vir die spesifieke dag. Hou asseblief by Vrydae en beperk kleurmiddels.

Afvalmateriaal: Enige afvalmateriaal bv doppies/proppies, strooitjies, groot-en klein bokse, sade, pitte, vere, knope, kurkproppe, wol, X-straalplate, leë eierhouers, toiletpapier rolle, kartonne en nog vele meer word verwelkom!

Algemeen: Dit is belangrik dat al die kleuters se besittings aan die einde van die dag saam gaan huis toe. Verlore goedere kan nie onbepaald by die skool gebêre word nie.

Middag personeel: Vanaf 14hoo elke dag kan aspirant of aflos onderwyseresse by die skool moontlik die geleentheid gegee word om voor te berei vir die beroep wat hulle wil beoefen. Studente is dan verantwoordelik vir toesighouding, stimulasie en versorging van kinders vir die namiddag. Daar sal egter ’n gekwalifiseerde onderwyseres op die perseel teenwoordig wees. Juffrouens roteer ook op ’n daaglikse basis in die middae omrede hulle lang ure werk.

Fooie:

NB: Geen geld sal enigsins van ’n kleuter ontvang word nie. Die ouer moet dit asseblief persoonlik inbetaal. Kontak moet in ’n koevert duidelik gemerk aan my oorhandig word.

Fooie is maandeliks streng vooruit betaalbaar voor- of op die sewende van elke maand. Kleuters wie se fooie nie teen die 7de van elke maand betaal is nie, sal nie vanaf die 8ste van daardie maand skool mag bywoon nie.

Indien die kleuter afwesig is weens siekte of elders kuier op ’n skooldag, is u steeds verantwoordelik vir volle fooie.

Indien u die kleuter se kleuterskool om een of ander rede wil staak, moet u my asseblief ’n maand vooraf daarvan in kennis stel, indien nie, moet die volle maand se fooie betaal word.

’n Inskrywingsfooi van R350 is jaarliks betaalbaar met inskrywing van ’n kleuter. Hierdie fooie word aangewend vir administratiewe doeleindes gedurende die jaar soos telefoon oproepe, sms’e en addisionele skryfbehoeftes wat aangekoop word. Kleuters word jaarliks herregistreer. Her-registrasie beloop R350 per gesin. Additioneel met 1ste registrasie is R200 vir n Dinky hempie + sonhoed wat dan die kleuter se eiendom bly.

Deposito van R1000 (betaalbaar by registrasie) is betaalbaar vir alle inskrywings. Hierdie deposito is slegs terug betaalbaar indien u twee maande skriftelik kennis gegee het. Die skool behou die reg om die deposito aan te wend vir enige uitstaande fooie.

Dinky Dots bestuur het die reg om skoolfooie jaarliks te verhoog . Enige veranderings aan die fooie of betalingstrukture sal skriftelik aan u gekommunikeer word meer as ’n maand voor die bepaalde beplande verandering.

Addisioneel vir die jaar: Die Day by Day werkboeke word deur die ouers aangekoop en beloop R600.
Elke jaar is ook ’n bedrag van R400 betaalbaar vir die jaar se skryfbehoeftes.
Hierdie fooie kan EFT of kontant betaal word tot en met 7 Maart van die betrokke jaar.

Let daarop dat tariewe betaalbaar is vir 12 maande van die jaar en dat daar nie November vir Desember kennis gegee kan word nie. Vasgestelde tariewe vir 2019 is:

- Halfdag (tot en met 13h00) R2900
- Voldag R3 050
- 2 kinders R2 900 per kind
- 3 kinders R2 800 per kind
- Baba klas R 3 200 per baba
- Meer as 1 baba R3 000 per baba
- Meer as 3 kinders ongeag ouderdom R2800 per kind
- ’n kleuter en ’n baba R2 900 (kleuter) en R3 000 (baba)

Buitemuurs:

Rugga kids, Ballet, Playball, Kindermusic, Active English en drama word addisioneel aangebied. Ingesluit by die skoolfooi is Dinky Sport wat twee maal per week vir almal aangebied word. Ons fokus op groot motoriese ontwikkeling, balans en balvaardighede.

Buitemuurs wat aangebied word:

Rugga Kids	Pottebakkery
Ballet	Active English
Playball	Akrobaat / Hip-Hop
Drama	Mega Lego
Musiek	Swem

Belangrike datums:

Let asseblief daarop dat Dinky Dots gesluit sal wees op alle openbare vakansie dae asook op 'n Vrydag en/of Maandag indien die dag voor of dag na hierdie dae n openbare vakansie dag is.

Bankbesonderhede

First National Bank: 252 445

Rek no: 62 59 37 32 756

Naam van rekening: Dinky Dots Pty Ltd

Verwysing: Naam van kind

NB: Skoolfooi is streng betaalbaar voor die 7de van elke maande!

Die volgende items moet asb deur die ouers voorsien word 1jaar – 5 jaar:

Daagliks:

- 'n Gemerkte tassie
- x2 Duidelik gemerkte sippy bottels met water/sap/tee
- Skoon stelletjie ekstra klere duidelik gemerk
- Doeke, boudsalf en wipes indien van toepassing
- Hoed duidelik gemerk vir son
- Baadjies vir ingeval weer sou verander
- Kussing (voldag maatjies) wat by die skool bly
- Kombersie (voldag maatjies) wat by die skool bly

Per kwartaal:

- X 1 Groot pak (80) wipes
- X 1 Boks tissue
- Twee rolle toilet papier
- X2 A3 Flipfiles: Januarie en Julie

Baba afdeling per maand:

- X 1 Groot pak (80) wipes – vir handjies en mondjies. Ons maak nie van waslappies gebruik – additioneel van boudjie wipes

Vriendelike Dinky Dots groete

Estelle Mocke

083 444 7240